Publication: Beeld(Uitgawe2) (SpecialFeatures)
Publication Date: 05 Apr 2017
Page: 8

AVE: 23119.71
Circulation: 41682
Part: 1 of 1

# Skouspel in Varsity-stryd verwag

**Morris Gilbert**

Die Universiteit van Pretoria se eerste rugbyspan het die halfeindronde-spook oplaas die wyk laat neem toe Tukkies eergisteraand op sy tuisveld tot die eindronde van die 2017-reeks om die gesogte Varsitybeker deurgedring het.

Tukkies wat die Shimlas van die Universiteit van die Vrystaat met 28-21 geklop het, gaan op 17 April in Pretoria in die eindronde speel teen Maties van die Universiteit Stellenbosch, wat op sy beurt in sy tuisdorp met die Universiteit van Johannesburg afgereken het (22-14).

Volgens Marius Janse van Rensburg, voorsitter van Kovsie-rugby, is dit "heel gepas dat die seisoen met 'n kragmeting tussen die twee beste spanne in die 2017-reeks afgesluit word. Dat dit boonop 'n stryd tussen noord en suid – én twee tradisionele aartsvyande is – sal die eindstryd 'n nóg groter skouspel maak."

Verlede jaar en ook in 2015 het Tukkies oor die voorlaaste hekkie gestruikel deur in die halfeindronde teen onderskeidelik Pukke van die Noordwes-Universiteit (29-28) en Maties (49-11) vas te val.

Om verstaanbare redes was daar dus groot vreugde in die Tukkies-kamp oor die onbenydenswaardige driekuns wat met die sege oor die Shimlas afgeweer is. Vir vyf spelers in die wenspan was die beloning van 'n plek in die eindronde so goed soos die derde keer skeepsreg, want André Warner, Joshua Stander, Toko Maebane, Clyde Davids en Andrew Beerwinkel was in 2015 en 2016 aan die verloorkant in die halfeindstryd.

> "Tukkies moet selfondersoek doen.

Tukkies het egter baie stof tot nadenke, want hy moes bloed sweet om 'n verbete aanslag van die Shimlas af te weer. Die tuisspan was rustyd met 23-9 voor, maar het in die tweede helfte bontgestaan toe die besoekers alles in die stryd werp om die grootste verrassing van die seisoen op te lewer nadat hulle in die ligafase van die reeks met 68-19 deur Tukkies oorrompel is.

Soos dit 'n potensiële kampioen betaam, sal Tukkies in die aanloop tot die eindstryd eerlike selfondersoek moet doen oor onder meer sy gebrek aan dissipline wat tot te veel strafskoppe, 'n geelkaart en so byna 'n nederlaag gelei het.

Pote Human, Tukkies se hoofafrigter, was uiteraard in sy noppies met die oorwinning, maar het in dieselfde asem gewaarsku dat sy span se vertoning in die tweede helfte nie goed genoeg was nie en 'n herhaling daarvan teen die Maties 'n baie duur prys tot gevolg sal hê.

Tukkies het juis reeds duur betaal vir sy sege, want die senter Impi Visser het 'n ernstige kaakbesering opgedoen. Boonop is daar groot kommer oor die liesbesering van die flank Marco van Staden en die dyspierbesering van die vleuel Sibahle Maxwane.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.